***Historia***

Joernaal van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika
(HGSA)

Journal of the Historical Association of South Africa
(HASA)

Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika (HGSA) is amptelik op 11 Februarie 1956 in die Stadsaal in Pretoria gestig. Die eerste uitgawe van sy tydskrif *Historia* is in Junie 1956 gepubliseer. *Historia* se doelwit was vanuit die staanspoor om historiese temas beskikbaar te stel aan beide die akademiese gemeenskap en die breë publiek, en om die belange van historiese navorsing te bevorder. *Historia* is aanvanklik kwartaalliks gepubliseer, maar sedert 1974 het dit halfjaarliks in Mei en November verskyn.

*Historia* is ʼn onafhanklike tydskrif wat deur vakgenote beoordeel word en deur die IBSS, IBZ en die SciELO Citation Index / Web of Knowledge (Thomson Reuters) geïndekseer en deur die Suid-Afrikaanse Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geakkrediteer is. Die tydskrif publiseer artikels oor aspekte van suider-Afrikaanse geskiedenis, asook belangrike historiografiese vraagstukke. Dit wakker kritiese betrokkenheid onder historici aan, sowel as tussen historici en vakgenote uit ander dissiplines wat ook met die verlede, of die betekenis van verandering in hul spesifieke vakgebiede worstel. *Historia* roem hom op sy vermoë om navorsing van ʼn hoë gehalte daar te stel wat die grense van die historiese professie op ʼn nasionale, streeks- en internasionale vlak terselfdertyd omarm en verbysteek.

Alle bydraes moet elektronies aan die Hoofredakteur, Jared McDonald, voorgelê word, by historia.submissions@gmail.com. Omvattende outeursriglyne verskyn agter in hierdie uitgawe. Alle bydraes wat voorgelê word, sal deur die redakteurs, redaksionele raad en ander beoordelaars gekeur word. Die lede van *Historia* se redaksionele raad dien as die tydskrif se adviseurs en gehaltebeheerders, en is gekies danksy hul wye kennis rakende Suider-Afrikaanse geskiedenis en historiografie, hul bewese prestasies as ervare navorsers en hul bande met ʼn netwerk van plaaslike en internasionale akademici wat hul kundigheid deel.

*Historia* word onder die lede van die Genootskap versprei, asook onder die biblioteke van akademiese instellings dwarsoor die wêreld. Intekengeld is R220 vir Suid-Afrikaanse individue en instellings; R330 vir individue en instellings uit Afrika, en R550 vir individue en instellings uit die res van die wêreld. ʼn Intekenvorm verskyn agterin hierdie uitgawe. Alle ledegeld moet na Karina Sevenhuysen by karina.sevenhuysen@up.ac.za, gestuur word. *Historia* is op www.scielo.org.za en op http://journals.sabinet.co.za/hist beskikbaar. Besoek ons Facebook blad by die volgende skakel: https://www.facebook.com/pages/Historical-Association-of-South Africa/226076107484934 en ons webwerf en blog by: www.hgsa.co.za.

*Menings wat uitgespreek word of gevolgtrekkings wat in Historia gemaak word, is dié van die outeurs en moet onder geen omstandighede beskou word as die menings van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, die redakteurskommissie of die redakteurs nie.*